Nuusbrief 8 / 2010

21 Augustus 2010

Aan lede van die Waterberg Bonsaiklub, vriende en belangstellendes

VORIGE BYEENKOMS (21 Augustus 2010)

Bonsai-style: Hansie Bekker het by die geleentheid gepraat oor die die Literati-styl in bonsai. 'n Styl sonder spesifieke reëls soos vir die ander style en dit lyk dikwels of die reëls wat vir ander style geld, hier verontagsaam word. Daar is wel bepaalde riglyne vir die styl en dit word goed uiteengesit in die onderskeie publikasies. Die volgende is 'n paar daarvan:

- Die stam is die belangrikste kenmerk van die boom.
- Alhoewel die stam skraal / relatief dun is, moet dit sterk ritme en beweging hê.
- Die kurwes moet prominent wees en die stam moet sterk afspits (taper) na die kroon.
- Die stam moet verkieslik oud lyk/wees.
- Dit is gewoonlik 'n enkel boom, maar dit kan ook twee, drie of meer bome wees
- Literati kan in 'n verskeidenheid style gekweek word, bv. Informeel regop, skuinsstam,waterval of semi-waterval, ens, ens.
- Sytakke is nie so belangrik nie. Die onderste helfte tot ¾ van die stam kan sonder takke wees.
- Die takke moet min wees en kort in verhouding tot die hoogte van die boom. Dit dui op die swaarkry van die boom in die natuur.
- Takke kan die stam of ander takke kruis, indien nodig.
- Aangesien die styl so eenvoudig is, pla die kruising van takke nie en dit kan selfs interresant wees.
- Daar word nie veel aandag aan die wortelstelsel gegee nie, alhoewel dit gesond en sterk moet wees.
- Ronde potte word gewoonlik gebruik omdat 'n literai nie 'n definitiewe voorkant het nie. Potte kan egter ook veelhoekig of onreëlmatig wees.

Wat het die groot bonsaimeester, John Naka, oor die styl gesê?

"John Naka wrote an article titled, "Characteristics of Bunjin Style" which was published in the Golden Statements Magazine (March/April 1993) and quoted recently by Eric Schrader at the Bonsai Society of San Francisco's web site. In this article about Literati, John made some other interesting definitions of the style, some of which I have listed below.

- It has shape or form but there is no definite pattern.
- It has no pattern, it is irregular and seems disfigured.
- It is like food that has no taste at the beginning but the more you chew the more flavor comes out. When you first look at Bunjin style there is nothing exciting about it, it is so skimpy and lonely. But the more you observe it the more the tree quality and natural traits will come out. You will feel something from inside of your mind, and not only through the surface eyes.
- It looks like it is struggling for its survival, or a form of agony. The tree itself should not be in this condition, in reality it should be healthy. The shape or form may indicate struggle but not health. It seems to be a very cruel method but it is only concept. Its appearance should not be too serious nor easy, it should be free, unconstrained, witty, clever, humorous and unconventional. A good example for this is a study of any of nature's tree that has survived some sort of problem or disaster.
- To avoid uselessness, the ultimate final form or shape is a very important technique.
- It should portray a simple abstract painting, Senryu, Haiku, poem, music and song.
- Shape or form is from wind, weather, not too rugged but more graceful."
  (The Art of Bonsai : http://www.artofbonsai.org/feature_articles/literati.php)

In die artikel oor Literati and Bunjin bonsai op die internet word gesê:" Literati bonsai is an "approach" or "interpretation" within bonsai and not a specific style in and of itself."
(http://www.bonsailearningcenter.com/Tips&Advice/bunjin.htm)

LIEF EN LEED

- Baie geluk aan die volgende lede wat reeds verjaar het of binnekort verjaar: Ons hoop dat julle 'n mooi en 'n geseënde jaar sal hê. Jack Rall – 25 Augustus, Flip – 31 Augustus en Kobus Visser -17 September.

BRAT OPEDAG OP 31 JULIE 2010

Lede is bedank vir hulle bydrae om die Brat-dag op 31 Julie 'n sukses te maak. Dankie ook aan al ons sprekers vir hulle bydrae tot 'n suksesvolle dag. Dankie ook aan Brat wat die etes geborg het vir Brat-lede. Dit het sekerlik gehelp om die 73 mense hier te kry.

Dit is altyd moeilik om almal gelukkig te hou met die program vir so 'n dag maar die terugvoer was grootliks positief. Besoekers was veral beindruk met die venue (Euphoria Golf Estate and Hydro) wat ons gebruik het. Ons is trots op die fasiliteit in die bosveld.

Jaco Kriek het 'n goeie samevatting oor die Brat-dag in Koeda (Uitgawe vier vir 2010) (Koerant van Pretoria Kai), gepubliseer. Dankie daarvoor Jaco.

Kompetisies vir 12 style: Lede van die Waterberg Bonsaiklub het ses (6) van die twaalf kategorieë gewen. Baie geluk aan hulle en dankie aan aan almal wat bome ingeskryf het. Dit help altyd met die tipe aktiwiteite as meerdere mense deelneem. Die Klub-wenners was:

- Fanie Kriel: Beginners – Swartapiesdoring
- Johan Ras – Afrika-styl – Kremetart
- Ian Pringle – Cascade – Juniper
- Johan Ras – Dryfhout – Olien
- Hansie Bekker – Literati – Rhus lancea
- Hansie Bekker – Ander – Ficus burtt davii – Wortel-oor-rots.

SABA – FOTOKOMPETISIES

Alle lede word aangemoedig om deel te neem aan die twee fotokompetisies vir in- en uitheemse bome. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 31 Augustus 2010. Besonderhede is beskikbaar by Hansie.

BIBLIOTEEK

Die biblioteek beskik oor 'n wye verskeidenheid boeke en tydskrifte waaruit waardevolle inligting bekom kan word en dit is goed om te sien dat ons lede gebruik maak daarvan..

MAANDELIKSE TREKKING / "RAFFLE"

Die maandelikse trekkings gaan voort en die inkomste hieruit word vir die aankoop van biblioteekboeke gebruik. Alle items is welkom vir die trekking.

WERKSWINKELS

Tydens die werkswinkel om 12:00 het lede en besoekers die geleentheid gebruik om 'n klompie bome oor te plant. Die voordeel van werkswinkels is dat dit altyd 'n werk-en-leer geleentheid is waartydens daar in die geval, ook gesels kon word oor grondmengsels en die belangrikheid dat dit goeds moet dreineer.

STOKPERDJIE-UITSTALLING

Die Klub sal deelneem aan die NG Kerk- Nylstroom Oos se Stokperdjiedag op Saterdag, 4 September. Ian Pringle reël dit en lede wat kan deelneem moet hom asb kontak. Help Ian asb want daar is baie mense weg.

PROGRAM VIR 2010

- 18 September - Waterval- / Semi-watervalstyle – Danie de Bruin
- 16 Oktober - Groepaanplanting – Koos Kearney
- 20 November - Besoek aan unieke Olienhout en afsluiting vir die jaar – Willus Knipe

FORTHCOMING EVENTS:

18/19 September: The Cape Kai 40th Anniversary Celebrations
8/9/10 October : EBS ANNUAL SHOW at Rantjeslaagte in Johannesburg
23/24 October: Shibui Bonsai Kai Annual Exhibition in The Floreum, Emmartentia
30 October 2010 BRAT Top Ten at Vaal Bonsai Kai
12 to 14 November SABA AGM en mini-kongres in Bloemfontein
27/28 November Midway Bonsai Show - Pretoria
29 January 2011 BRAT open day at Far Western Bonsai Kai

Gee asb die nuusbrief ook vir ander lede / belangstellendes wat jy raakloop.

Komiteel / Commitee: Voorsitter: Hansie Bekker – Tel: 014 743 3238 – E-pos: hansieb@lantic.net.
Onder-Voorsitter: Ian Pringle – Tel: 014 736 5682 – E-pos: pikkian@iafrica.com.
Willus Knipe - 014 743 0909 - E-pos: willusknipe@northweb.co.za
Maryna Hattingh – 014 717 2710 E-pos: mhattingh3@gmail.com
Elize Bekker – 014 743 3238 E-pos elizeb@lantic.net